
# Romeine



## Inhoudsopgawe


Romeine oorsig ... 4

Romeine inleiding ... 6

Skuldig! ... 7

Van skuldig tot vry ... 10

Abraham: Gered deur geloof ... 12

Die dood se kleur en God se geur. ... 14

Strewe vir lewe, ongebonde van sonde. ... 16

Vry van die wet van sonde deur Sy wonde ... 18

Die bergtop ... 20

Ver soekers en 'n naby skat ... 25

Uit Hom en deur Hom en tot Hom ... 27

Die lewende offer ... 29

Dis amper dag ... 31

Verskille in die kerk ... 32

'n Gebedswens ... 33

Groete ... 34

**Romeine oorsig**

God het sy geregtigheid beloof
aan die wat by Hom uitkom deur geloof.

ALMAL IS SKULDIG VOOR GOD (Rom 1:18-3:20).

Die heidene word nie verskoon, (1:18-32)
ook die Jode word met straf beloon. (2:1-3:8)
Daar is nie een onskuldig voor God, (3:9-20).
elkeen is skuldig voor sy gebod!

WIE GLO, WORD UIT GENADE VRYGESPREEK (Rom 3:21:5:21)

God voorsien in die mens se nood
en betaal vir sonde deur Christus se dood.

Bloed was nodig om te betaal, (3:25,26)
geloof is nodig om dit te haal. (3:27-31)
Abraham is vrygespreek omdat hy glo, (4:1-25)
maar ook dit is uit genade van bo.

Deur Christus is daar vryspraak verkry. (5:1-11)
Nou is daar nou vrede tussen God en my.
Deur een mens het die sonde gekom
en een Mens neem dit alles op Hom!

VERNUWING DEUR GENADE (Rom 6-8).

Hy het vir ons betaal met Sy wonde,
nou is ons nie meer slawe van die sonde. (6:1-14)
Ons wil nou nie meer sonde doen,
want ons is weer met God versoen.

Die wet is heilig, reg en goed, (7:12)
maar Christus het daarvoor geboet.
Ons is vrygemaak van wat die wet sou lees, (7:4)
ons leef nou reg deur die Heilige Gees. (8:2).

Die dinge waarmee jy besig moet wees,
is die dinge van die Gees. (8:5)
Die Gees wat in jou woon,
sal jou met lewe beloon! (8:11).

As jy jou deur die Gees laat lei,
sal jy so Sy kindskap kry. (8:14)
Die Gees staan my in swakheid by,
Hy vertaal self my gebed vir my. (8:26).

As Hy so by my is met Sy Gees,
wie kan ooit teen my wees? (8:31)
God self spreek my dan vry, (8:33)
so niks kan my van Sy liefde skei! (8:39)

GENADE BLY GENADE OOK VIR DIE JODE (Rom 9-11)

Die uitverkiesing se leer (Rom 9-11)
vertel van 'n soewereine Heer.
Mense gaan verlore wat hulself wil red
dat jy in Hom moet glo is God's gebed.
Hoe onverstaanbaar God se beleid… (11:33)
Aan Hom behoort die heerlikheid! (11:36).

GENADE LEI TOT GELEEFDE CHRISTENSKAP (Rom 12-15:13)

As offer moet jy jouself nou gee (12:1)
Dit bring 'n verandering in denke mee. (12:2)
Jy is van jou sonde vergeef
en daarom wil jy nou anders leef. (Rom 12-14)

Jy probeer nou soos Christus maak: (Rom 15)
Liefde is die kern van elke saak.

**Romeine inleiding**

Van Paulus, ‘n dienaar van die Heer,
afgesonder om die Evangelie te leer.
Die profete het vooraf aangekondig
dat die Evangelie God se Seun verkondig.
As mens kom Hy uit Dawid se geslag,
deur die Gees uitgewys as Seun met alle mag. (Rom 1:1-4)

Uit genade kan ek heidennasies leer
om mense tot geloof te bekeer -
en dit tot Sy Naam se eer!
Genade en vrede vir julle, van God ons Heer. (Rom 1:5-7)

Ek wil God biddend dank en loof,
want almal praat van julle geloof.
Ek dra julle op in my gebede na Hom
en vra of Hy my na julle sal laat kom. (Rom 1:8-10)

Ek wil ‘n geestelike gawe bedien
en ons kan mekaar versterkend dien.
Om al die mense daar te leer,
is wat ek in my hart begeer. (Rom 1:10-15)

Oor die evangelie sal ek my nie skaam:
Dis ‘n krag van God vir Jood en nie-Jood saam.
Jy kan God se geregtigheid daarin sien
vir sondaars wat dit glad nie verdien!
Dit bring vryspraak vir die wat glo,
redding vir ‘n ewige lewe daarbo. (Rom 1:16-17)

**Skuldig!**

God openbaar Sy toorn uit die hemel
oor al die goddeloosheid wat wemel.
Wat die mens moet weet van die Koninkryk,
was nog altyd binne hulle bereik. (Rom 1:18-19)

Daar is geen verontskuldiging vir gedrag,
want die skepping wys Sy ewigdurende krag.
In die onverganklike God se plek
stel hulle beelde en ander drek. (Rom 1:19-23)

God gee hulle oor aan drange van die hart:
Hul liggame met onsedelikheid onteer,
hulle harte is vir die waarheid verhard
wat in plaas van die Skepper, skepsels eer. (Rom 1:24-25)

Vroue het natuurlike omgang laat vaar,
mans brand met begeerte vir mekaar.
Hulle het geen belang om God te ken:
Verdraaide opvattings is wat hul wen (Rom 1:26-28)

Hulle is een en al ongeregtigheid,
hebsug gemeen en vol slegtigheid,
moord, bedrog en kwaadwilligheid,
aanmatig, verwaand en hooghartigheid. (Rom 1:19-31)

Hulle het God se verordeninge gesien
en weet dat hul dade die dood verdien,
en tog doen hulle dit nie net self,
maar vind dit goed as ander daarin delf. (Rom 1:32)

Dis hoekom daar vir jou geen verontskuldiging is,
mens, wat ‘n ander veroordeel wie jy ook al is.
Jy sal nie die oordeel en straf ontkom,
want regverdige oordeel kom van Hom. (Rom 2:1-3)

God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld!
Besef jy nie Hy wil jou tot bekering lei uit jou skuld?
Maar deur jou onbekeerlike hart
gaar jy straf op vir ewige smart... (Rom 2:4-5)

Die wat soek na ewige heerlikheid
God se eer en onverganklikheid,
ja, die wat na goeddoen strewe,
vir hulle gee Hy die ewige lewe. (Rom 2:6)

Maar wie leef in ongehoorsaamheid
en toegee aan ongeregtigheid,
ja, die wat na selfsug strewe:
Lyding en benoudheid bring Hy oor hul lewe. (Rom 2:7-9)

Almal wat onder Moses se wet staan
sal onder die wet verlore gaan.
Jy word nie deur die hoor van die wet bevry,
maar kan net deur die doen vryspraak kry. (Rom 2:12-13)

Heidene het tog nie Moses se wet?
Hulle gewetens wys dat hul dit het!
Christus kom oordeel die wat sondig
ooreenkomstig die evangelie wat ek verkondig. (Rom 2:14-16)

Jy, Jood, jy wat jou op die wet verlaat,
jy wat ander onderrig in God se daad:
As gevolg van jou optrede kry God nie eer,
want jy oortree al die wette wat jy leer (Rom 2:17-24)

Besnydenis het net waarde as jy die wet hou,
dis beter onbesnede, maar aan God getrou.
Jy kan nie deur besnydenis deel van God se volk wees,
Nee, jy kort besnydenis van die hart, gedoen deur die Gees. (Rom 2:25-29)

God het sy woorde aan Jode toevertrou,
maar van hulle was egter nie getrou.
Die wêreld se slegte dade wys vir jou
dat God se trou nooit op kan hou! (Rom 3:1-8)

Regverdig? Daar is nie een!
Verstandig? Daar is nie een!
Vra na God se wil? Nie een!
Goed doen? Ook nie een! (Rom 3:9-12)

‘n Oop graf is hul keel,
bloed vergiet en steel.
Verwoesting en ellende in hul spoor,
hulle het alle ontsag vir God verloor. (Rom 3:13-17)

Niemand sal hom dus kan verweer:
Almal is strafwaardig voor die Heer!
Geen mens kan vryspraak verdien
as jy hul sonde teen die wet sien... (Rom 3:19-20)

Ook ek is skuldig Heer:
Nietig is wat ek probeer.
As ek my ellende verstaan,
bring U verlossing ‘n traan…

**Van skuldig tot vry**

Ek is as sondaar skuldig verklaar...
Gelukkig staan die “maar nou” ook daar.
Reeds in die Ou Testament het profete weergegee
dat God se vryspraak in werking sou tree. (Rom 3:21)

Die vryspraak kry jy nie vir jou
deur die wet te onderhou.
Nee, Paulus verduidelik dit so:
God gee dit aan almal wat glo! (Rom 3:22)

Almal se sonde is heeltemal te veel
en kan dus nie in God se heerlikheid deel. (Rom 3:23)
Maar hulle sal, sonder om dit te verdien,
God se genade in vryspraak sien. (Rom 3:24)

God het Jesus as offer gegee
en ek kry versoening daarmee.
Sy bloed het vir my sonde betaal
en as ek dit glo sal Hy my kom haal. (Rom 3:25)

Al het mense in die verlede in sonde gelewe,
het God dit ook vir hulle vergewe.
Vir hulle, maar ook vir ons, werk dit so:
God is regverdig en spreek vry die wat glo! (Rom 3:26)

Het ons nou iets uit onsself om op te roem?
Miskien deur ons goeie werke op te noem?
Moses se wet het dit nie so beloof,
God gee vir ons die wet van geloof! (Rom 3:27)

Geld dit net vir Jode – hulle is mos besny?
Nee, dit geld vir almal – ook vir jou en my!
Daar is net een God
en een liefdesgebod. (Rom 3:28-31)

Is Abraham ook so gered,
of deur die werke van die wet? (Rom 4:1-2)
Dis in Genesis opgeteken:
Abraham het geglo
in die beloftes van bo
en dis vir hom tot geregtigheid gereken. (Rom 4:3, Gen 15:6)

Wat jy in die gewone lewe sien,
is dat die arbeider loon verdien.
Maar so werk dit nie vir jou en my
wat vryspraak net deur geloof kan kry. (Rom 4:4-5)

Geseënd is die wie se sondige lewe
eie gestraf word nie, want God vergewe. (Ps 32:1-2)
Ja ons staan eenvoudig verstom:
Dit gebeur buite wetsonderhouding om! (Rom 4:6-8)

**Abraham: Gered deur geloof**

Vir Abraham was dit so:
Hy is gered want hy het geglo. (Rom 4:3, Gen 15:6)
Maar Abraham was besny –
het hy dit nie daarvan gekry? (Rom 4:9-10)

Nee, in Genesis vyftien het hy vryspraak gekry
en hy is eers in Genesis sewentien besny.
Die besnydenis is slegs 'n teken
dat God Hom regverdig reken. (Rom 4:11)

Hy is dus die geestelike vader
van almal wat in geloof nader.
Dié kindskap kan jy nie deur besnydenis kry,
maar vir almal wat glo, al is hulle nie besny. (Rom 4:11-12)

Maar is dit nie deur die hou van die wet
dat Abraham vryspraak gekry het?
Nee, jy moet die volk se geskiedenis verstaan:
Moses het vyfhonderd jaar later die berg opgegaan. (Rom 4:13)

As mens deur wetsonderhouding vryspraak kon vermag,
sou die geloof sy betekenis verloor en die belofte sy krag. (Rom 4:14)
Die wet bring straf vir die sondige geslag,
daarom is geloof uit genade so groot krag. (Rom 4:15-16)

God laat dinge deur sy woord ontstaan
en Hy wat mense uit die dood op laat staan,
Hý het Abraham die vader van baie nasies gemaak,
maar jy kan net deur geloof deel daarvan raak. (Rom 4:16-17)

"Vader van baie nasies" het die belofte gelees
Abraham het bly glo: So sál sy nageslag wees,
al was sy liggaam gedaan op honderd jaar
en Sara te oud om kinders te baar. (Rom 4:18-20)

Hy het nie begin twyfel in wat God beloof,
maar Hom geëer en in vertroue geloof.
Hy was ten volle oortuig van God se mag,
met die wete: God se beloftes bly van krag! (Rom 4:20-21)

Abraham is dus vrygespreek omdat hy glo
en vir jou en my werk dit ook so.
Jy moet daarom mooi verstaan
wat in God se belofte staan: (Rom 4:22-24)

Jesus Christus is vanweë ons sonde dood gemaak
en sy opstanding bring vir ons die vryspraak.
Jy moet in volle vertroue in dié belofte glo,
dan deel jy in die Abraham familie daarbo. (Rom 4:24-25)

**Die dood se kleur en God se geur.**

God het ons vrygespreek deurdat ons glo:
Daar is nou vrede tussen ons en Hom daarbo.
Deur Jesus het ons toegang tot dié genade verkry:
Vreugde in die hoop om dié heerlikheid te kry. (Rom 5:1-2)

Ook in swaarkry is ons verheug en bly,
want daardeur sal ons volharding kry.
Dit kweek weer egtheid van geloof.
Dit lei weer na hoop wat ons laat loof.
Want deur die Heilige Gees het dit waar geword:
God het sy liefdesgeur in ons harte uitgestort! (Rom 5:3-5)

Christus het op die bestemde tyd vir my gesterwe
Al was ons nog magteloos, het ons die lewe geërwe.
God het sy groot liefde vir ons so bewys:
Christus het gesterf vir 'n sondige gespuis! (Rom 5:6-8)

Deur sy dood is ons vrygespreek van die wet
en dit staan vas: Ons is ook van God se straf gered.
Deur Sy dood het Hy ons met God versoen,
deur Sy lewe het Hy vir ons reddingsdade gedoen. (Rom 5:9-11)

Daar is dinge van Hom wat sou kom
wat met Adam ooreen kan kom.
Die Adam familie wys sy kleur,
die Christus familie versprei 'n geur...(Rom 5:14)

Een het oortreding gegee,
die ander bring genade mee.
Deur een mens het baie gesterf,
deur Een het baie oorvloedig geërf! (Rom 5:15)

Een mens se oortreding het tot oordeel gelei,
deur een Mens se genade is vryspraak verkry.
Deur een mens het dood mense laat bewe,
deur Een sal hulle heers en ewig lewe! (Rom 5:16-17)

Deur een se ongehoorsaamheid gelei tot sondaar,
deur Een se gehoorsaamheid vry daarvan verklaar.
Die wet het oortreding net meer gemaak,
maar so het die genade oorvloediger geraak. (Rom 5:18-20)

Sonde het deur die dood heerskappy gekry,
maar genade het tot die ewige lewe gelei.
Oor die Adam familie hang die dood se donker kleur,
oor die Christus familie hang God se goedheidsgeur. (Rom 5:21)

**Strewe vir lewe, ongebonde van sonde.**

Moet ons dan aanhou aan sonde deelneem
sodat God se genade kan toeneem?
Ons is van doodsheid vergeef,
hoe kan ons daarin voortleef? (Rom 6:1-2)

Jesus Christus het vir ons gesterf
die doop bevestig ons het dit geërf.
Hy is begrawe met lydenswonde
en in die graf in met my sonde. (Rom 6:3)

Die Vader se magsdaad het Hom uit die dood bevry
en so het ons ook, in Hom, ‘n nuwe lewe gekry:
‘n Slaaf verloor in sy sterwensnag
die oorheersing van sondemag.
Ons is dus nie meer slawe van die sonde
ons is nou vry en ongebonde! (Rom 6:4-8)

Christus het uit die dood uit opgestaan.
Sy sondelose lewe gaan vir altyd aan.
Dood vir die sonde is ons nuwe strewe:
Een met Christus, ons wil net vir God lewe. (Rom 6:9-11)

Moenie dat sonde langer oor julle regeer
en dat julle aardse dinge bly begeer.
Weerhou jou liggaam as sondige werktuig,
nee, “In diens van God”, moet dit getuig!
Julle staan nie meer onder die wet van dade -
sonde kan nie heers onder die genade. (Rom 6:12-14)

As ons nie meer onder die wet staan,
kan ons dan met sonde aangaan?
Jy moet jou vergewis
wie se slaaf jy nou is: (Rom 6:15-16)

Is jy ‘n slaaf van die sonde,
is die dood onomwonde.
Het jy God se slaaf geraak
is dit lewe deur vryspraak. (Rom 5:16)

Gebed vir sonde slawe: Dankie God en Heer
dat hulle nou gehoorsaamheid is aan U leer.
Met elke deel van hulle liggame onsedelik gelewe,
maar nou dit tot U diens gestel om heilig te lewe. (Rom 6:15-20)

Vir lewe in sondige dinge is die berig:
Ewige dood is dié dinge se vrug.
Maar julle vrygemaaktes is veilig:
In diens van Hom word julle heilig.
Ja, die sondige moet vir sy loon bewe,
maar God se genadegawe is ewige lewe! (Rom 6:21-23)

**Vry van die wet van sonde deur Sy wonde**

So lank mens leef het die wet oor jou gesag,
so is die vrou gebind tot haar man se sterwensdag.
As sy nie daarby hou sal sy egbreker straf kry,
maar as haar man sterf dan is sy weer vry. (Rom 7:1-3)

So was ons ook onder die wet se gesag
tot ons Bruidegom se sterwensdag.
Ons behoort nou aan 'n opgestane Heer,
waar nie sonde nie, maar die Gees beheer. (Rom 7:4-6)

Die wet is nie sonde, maar wil ons leer
wat dit beteken om nie te begeer.
Voor die wet het ek net gelewe,
maar nou wil ek na begeerte strewe...
Oortreders van die wet is nie veilig,
want sy voorskrifte is reg, goed en heilig. (Rom 7:7-12)

Het iets goed dan die dood gebring?
Nee, deur sonde het die dood ingedring.
Die wet het die skrikwekkende sonde ontbloot:
Dit verdien verseker die dood!

Die wet is goed, moet ek toegee:
Ek begryp self nie wat ek doen,
want wat ek wil, kry ek nie gedoen
en wat ek haat is juis wat ek oortree. (Rom 7:13-16)

Diep in my wese vind ek vreugde in die wet,
maar in my is dit die sonde wat sy woning het.
Dit maak my 'n gevangene van die wet
waar 'n doodsbestaan beheer oor my het. (Rom 7:17-23)

Ek ellendige mens!
Wie bring my verlossingswens?
Bring aan God al die dank en eer:
Hy bring dit deur Jesus onse Heer! (Rom 7:24-25)

Christus Jesus se wonde
maak jou vry van die wet van sonde.
Deur die wet van die Gees

kan jy in Christus wees. (Rom 8:1-2)

Wat Moses se wet glad nie kon doen
was om ons met God te versoen.
As gevolg van ons swak sondige natuur
het God sy eie Seun as mens gestuur. (Rom 8:3-4)

So is Hy gespoeg en geslaan
vir die mens se sondige bestaan.
Nou word ons nie meer beheer deur die vlees.
In ons harte is nou die wet van die Gees! (Rom 8:1-4)

**Die bergtop**

*Ek is 'n gevangene van self probeer met die wet*
*waar 'n doodsbestaan beheer oor my het. (Rom 7:17-23)*
*Ek ellendige mens!*
*Wie bring my verlossingswens? (Rom 7:14-25)*

In die laagte van die vallei
is ek alleen besig om te stry...
My kind, jy moet kies:
Glo jy die goeie nuus?

*Die wat hulle deur die sondige natuur laat beheer*
*hou hulle besig met die dinge van die vlees.*
*Maar die wat hulle deur die Gees laat regeer*
*hou hulle besig met die dinge van die Gees.*
*Die sondige natuur loop uit op die dood in sy wrede,*
*maar die dinge van die Gees bring lewe en vrede. (Rom 8:5-6)*

Van hieronder kan ek die bergtop sien
Here, help my op – ek kan niks verdien...
My kind, laat jou lei deur die Gees
kom jy waar Ek wil hê jy moet wees.

*Die sondige natuur is vyandskap met God*
*en onderwerp hom nie aan God se gebod.*
*Hulle lewe word nutteloos verspil*
*sonder 'n soeke na God se wil. (Rom 8:7-8)*

*Júlle word egter nie deur die sonde beheer,*
*maar laat die inwondende Gees regeer.*
*Iemand sonder Christus se Gees*
*kan nie deel in die Christus fees. (Rom 8:9)*

*Omdat jy weet: Christus is binne jou*
*kan jy op die lewe deur die Gees vertrou.*
*Dié lewe kom deur God se vryspraak*
*al was jy veroordeel in die uitspraak. (Rom 8:10)*

*Christus se opstanding was die Gees se taak,*
*netso sal die Gees jou ook lewend maak.*
*Julle in die vlees, sal met die dood boet,*

*maar deur die Gees, gaan julle lewe tegemoet. (Rom 8:11-13)*

Ek is uit die vallei waar die helling steil wil raak
Help Here, dat ek dit tot die bergtop maak.
Met jou hand in Myne sal jy die pad vind
want soos 'n Vader lei Ek jou my kind...

*Ons is nie meer slawe wat bewe*
*of wat heeldag in vrees lewe.*
*Almal wat hulle laat lei deur die Gees*
*sal nou kinders van God wees. (Rom 8:14-15)*

*Die wat die Gees ontvang kom nader*
*en roep: "Abba!" Dit beteken Vader.*
*As kinders is ons erfgename van die ewigheid*
*en sal ook deel hê aan sy heerlikheid. (Rom 8:15-17)*

Abba, Vader, my lyf is seer en ek is moeg
Dis 'n geklim, val, opstaan en geswoeg...
My kind, hou die eindpunt in sig -
dit maak jou las sommer weer lig...

*Ek is oortuig dat die lyding wat ons verduur*
*nie opweeg teen die heerlikheid van God se uur.*
*Die skepping is gespanne aan die wag*
*om te sien wie God se kinders is op dié dag. (Rom 8:18-19)*

Hier waar ek klim is dit toegegroei
Dit voel regtig of ek alleen hier stoei.
My kind, kyk om jou rond
tot die skepping is verwond...

*Die skepping het ook die belofte gekry*
*dat God ook hom vryheid sal laat kry.*
*Die hele skepping sug*
*van die sonde se gewig... (Rom 8:20-22)*

Ek hoor die skepping sug so swaar,
maar het U my sug ook gewaar?
Die Gees sal jou help om te sien
hoekom jy volhardend moet bly dien.

*Nie net die skepping dra swaar gewig*
*ook ons wat die Gees het, is aan die sug.*
*Ons sien ook uit om die kindskap te kry*
*wanneer Hy ons van verganklikheid bevry. (Rom 8:23)*

*Ons is gered (en as teken gedoop)*
*en het daarom nou al hierdie hoop.*
*Ons hoop op wat ons nog nie sien*
*terwyl ons Hom volhardend dien. (Rom 8:24-25)*

O Vader, in my swakheid help die Gees
maar ek is nie seker hoe my gebede moet wees?
Moenie bekommer of jou gebede My haal -
die Gees het elkeen na my wil vertaal!

*Die Gees staan ons in ons swakheid by*
*as ons nie weet hoe om te bid, help Hy.*
*Met versugting pleit die Gees*
*wat in lyn met God se wil sal wees.*
*So word ons gebede afgerond*
*na God wat harte deurgrond. (Rom 8:26-27)*

O God, ek kan voel hoe die gestoei
my nader en nader aan U laat groei.
My kind, alles wat jy beleef
is in my plan vir jou ingeweef.

*God laat alles ten goede meewerk*
*vir dié wat hom lief het, Sy ware kerk:*
*Hy het hulle uitgekies lank tevore*
*om Sy beeld te word is vir hul beskore.*

*Hulle het hy geroep deur te preek*
*en hulle is deur Hom vrygespreek.*
*Hy het hulle ook verheerlik*
*en is vir Hom nou begeerlik. (Rom 8:28-30)*

O Vader, om die laaste stuk klaar te kry
gaan ek nog verdere teenstand kry?
Hoe kan jy twyfel of ek jou gaan bewaar:

Vir jou het Ek nie eers My eie Seun gespaar.

*Wat is ons gevolgtrekking as ons die dinge lees?*
*Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees?*
*Hy het sy eie Seun nie gespaar*
*om ons van die straf te bewaar.*
*Hy sal dan mos wat jy nog bedenk*
*ook uit genade vir jou skenk (Rom 8:31-32)*

Ek is net voor die berg se kruin
Wat is voor: vreugde of pyn?
My Seun het pleitend by My vir jou gebid:
Jy is vergewe, jou vuil klere is spierwit!

*Wie kan die uitverkorenes van God aankla?*
*God self spreek hulle vry en sal hul dra.*
*Wie gaan ons skuldig vind?*
*Christus het gesterf as mensekind.*

*Jy moet nog meer verstaan:*
*Hy het uit die dood opgestaan.*
*Hy het aan God se regterhand gaan sit*
*waar Hy pleitend vir ons bid! (Rom 8:33-34)*

Hier op die kruin kan ek gewaar
hoe baie klimmers het U al vergaar.
Oral teen die helling is U nog aan die bring,
saam kan ons net hierdie loflied sing:

*Wie kan ons van die liefde van Christus skei?*
*Benoudheid, vervolging of dat ons ly?*
*Honger, naaktheid, swaard of gevaar?*
*Dit is oor U dat hulle ons skuldig verklaar*
*Ja, soos slagskape vir die dood vergaar.*
*Meer as oorwinnaars is ons klaar. (Rom 8:34-37)*

My kind, jy kan hier jou vreugde deel
en saam met die lam en leeu gaan speel.
Of sit sommer net hier waar jy nou is
ja, hier by My voete kan jy nou rus.

Jy wat nog op pad is na bo,
kan met jou hele hart glo:
*God het aan ons sy liefde betuig*
*en daarom is ek hiervan oortuig:*
*Geen dood of lewe of engele magte*
*of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte*
*of hoogte of diepte of enigiets anders kan my*
*van die liefde van God, in Christus Jesus, skei! (Rom 8:37-39)*

**Ver soekers en ‘n naby skat**

Ek het ‘n voortdurende hartseer
oor die uitverkore volk van die Heer.
God het verbonde met hulle gesluit
en Christus as mens kom uit hulle uit. (Rom 9:1-5)

As die volk dan nie meer op God vertrou,
beteken dit God het nie Sy beloftes gehou?
Nee, van hulle uit Abraham gebore
is, soos Esau, nie gekies en is verlore. (Rom 9:6-13)

Moet ons daarin God se onregverdigheid lees?
Nee, God het al Sy soewereiniteit aan Moses geleer:
“Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees.
Ek sal my ontferm oor wie Ek wil, want Ek is die Heer.” (Rom 9:14-18)

Hoe moet ons dan God se straf verstaan:
Ons kan tog nie teen Sy wil ingaan?
Wie is jy om met God te redeneer,
jy die klei, en Hy die Pottebakker Heer? (Rom 9:19-24)

Israel het die skat ver gaan soek
deur werke te doen uit Moses se boek.
Die heidene het hulle nie afgesloof
en tog vryspraak gekry deur geloof. (Rom 9:30-31)

Israel was vol ywer vir God se gebod,
maar sonder vertroue op die gebod se God
Christus is die einde van die wet,
die wat dit glo, is dié wat vryspraak het. (Rom 10:1-4)

Kan ek deur te klim self die hemel haal?
Of dalk deur na die onderaardse toe te daal?
Nee, as jy so ver self soek bring dit net smart.
Christus is naby: In jou mond en in jou hart. (Rom 10:5-8)

As jy met jou mond bely Jesus is die Heer
en as jy met jou hart glo Hy lewe weer,
dan maak dit nie saak of is jy Griek of Jood,
jy is gered en vrygespreek deur Sy dood! (Rom 10:9-13)

Hoe kan jy Hom aanroep as jy nie glo?
Hoe kan jy glo as jy nie hoor van Hom daarbo?
Het Israel dan nie die boodskap gehoor?
Hulle het, maar dit deur werke verloor... (Rom 10:14-21)

Is jy ook deur werke ver aan die soek?
Soek dan eerder naby in God se Boek:
Jy moet net die Evangelie glo en bely
en só sal jy die ewige lewe kry!

**Uit Hom en deur Hom en tot Hom**

Het God dan sy volk, Israel, verstoot?
Nee, kyk na my – ek was ook ‘n Jood.
Toe Elia kla, het hy ook die antwoord gekry:
"Ek het sewe duisend manne oor laat bly."
Ook vandag is daar ‘n oorblyfsel uitverkore:
‘n Groepie Jode gaan uit genade nie verlore. (Rom 11:1-6)

Israel het gesoek, maar nie verkry:
Hulle oë is verduister,
hulle ore wou nie luister.
Die uitverkorenes is wel bevry. (Rom 11:7-10)

Het Israel se struikeling hulle finale val beteken?
Nee, maar dit het redding onder heidene ontketen:
Die wêreld het deur hulle verwerping versoening gekry.
As gevolg van die wortel is die Joodse takke aan God gewy. (Rom 11:11-16)

Party van die takke is uitgekap
en jy ingeënt en kry wortelsap.
Moet jou nie hooghartig hou,
jy verdien dit nie: Die wortel dra jou! (Rom 11:17-18)

Takke is uitgekap weens ‘n gebrek aan geloof,
jy is ingeënt omdat jy glo wat God beloof.
Hy het die natuurlike takke nie ontsien,
as jy hoogmoedig raak sal jy ook straf verdien... (Rom 11:19-21)

So maak God sy goedheid en strengheid bekend:
Die wat hulle bekeer word weer terug geënt,
maar die wat nie afhanklik lewe van die wortel se sap
en in ongeloof volhard, word van die boom uitgekap. (Rom 11:12-24)

Dis ‘n geheimenis waarvoor ons staan,
maar God se verbond bly bestaan.
As God sy genadegawes in jou bevrug
trek Hy dit nooit weer terug. (Rom 11:25-29)

O die diepte van God se rykdom,
Sy wysheid en kennis bly verstom!
Hoe ondeurgrondelik is sy oordele,
ons ken sy bedoeling net ten dele. (Rom 11:33)

Hoe onnaspeurlik sy weg.
Wie wys Hom tereg?
Wie kan deur dade Hom verplig,
verwag jy iets van Hom terug? (Rom 11:33-35)

Uit Hom en deur Hom en tot Hom
moet alle lof en heerlikheid kom! (Rom 11:36)

**Die lewende offer**

Moenie aan die sondige wêreld gelyk raak,
maar laat God julle denke nuut maak.
So kan jy onderskei wat is God se wil in jou taak,
wat is vir Hom goed, aanneemlik en volmaak. (Rom 12:1-2)

Moenie dink jy kan op jou eie -
wees in jou geloof beskeie.
Elke lid in die liggaam is daar
met take verskillend van mekaar. (Rom 12:3-5)

Party profeteer.
Ander kan leer.
Party bemoedig.
Ander help blymoedig. (Rom 12:4-8)

Maak seker jou liefde is opreg.
Doen goed, verafsku die sleg.
Wees altyd toegewy
en in jou hoop verbly. (Rom 12:9-12)

Staan vas in verdrukking en swaarkry.
Jy moet volhardend in jou gebed bly.
Help medegelowiges in hul stryd.
Lê jou toe op gasvryheid. (Rom 12:12-13)

Jy moet jou vervolgers seën
en die treurendes ondersteun.
Jy moet jou by nederiges skaar
en eensgesind wees onder mekaar. (Rom 12:14-16)

Moenie kwaad vir kwaad vergeld,
laat jou goedgesindheid geld.
Leef in vrede met alle mense,
vergeet jou vergeldings wense.

Jy moet aan jou vyand in sy honger dink,
in sy dors moet jy hom iets gee om te drink.
Moenie dat die kwaad jou wen
doen dit deur die goeie te ken. (Rom 12:17-21)

Hoekom moet jy as lewende en heilige offer leef?
In God se ontferming is jy van sonde vergeef!
Met jou Christelike gedrag
bedank jy Hom elke dag! (Rom 12:1-2)

**Dis amper dag**

Jy moet jou onderwerp aan owerheidsgesag,
want God stel hulle aan en gee hulle die mag.
Wie dus teen owerhede in opstand kom,
kom in opstand teen verordenings van Hom. (Rom 13:1-5)

Jy moet niemand iets skuld behalwe dat jy hom lief het,
dis die volle uitvoering van die hele wet:
Jy mag nie egbreek pleeg,
jy mag nie moord oorweeg,
watter gebod ook al, soos jy mag nie steel
word saamgevat: Jy moet jy naasteliefde deel. (Rom 13:8-10)

Hoor jy nie die wekker lui?
Die nag is amper verby!
Jy moet dinge van die duisternis wegneem
en die wapens van die lig opneem: (Rom 13:11-12)

Geen drinkery en uitspattigheid,
geen ontug en onsedelikheid,
geen rusie tussen broers
en wees ook nie jaloers. (Rom 13:13)

Volg Jesus Christus, jou Heer
en nie wat jou hart begeer. (Rom 13:14)

**Verskille in die kerk**

As julle die verskille nie op kan klaar,
moet jy die swakke in die geloof aanvaar.
Een dink jy mag net groente eet,
terwyl die ander van beter weet.
Wie is jy dat jy jou mag verbeel
jy het die reg om ander te oordeel? (Rom 14:1-4)

Oor die verskille moet jy leer:
Doen dit wat jy glo tot God se eer.
Hoekom wil jy teen jou broer getuig?
Voor God se regterstoel sal elke knie buig. (Rom 14:5-12)

Moenie jou broer oor verskille aanstoot gee,
leef eerder in liefde met hom mee.
Die koninkryk van God gaan nie oor deugde,
maar oor gehoorsaamheid, vrede en vreugde. (Rom 14:13-18)

Beywer jou eerder om mekaar op te bou
as om menslike reëls oor kos te hou.
Laat jou oortuiging oor dié gebod
as ‘n saak tussen jou en God. (Rom 14:19-22)

Jy kan die sonde hieroor meet:
Dis sonde as jy twyfel maar tog eet! (Rom 14:23)

Van die sterke in die geloof word gevra
om dié nie so sterk, te verdra.
Moenie net aan jouself dink nie, maar onthou
wat goed is vir jou naaste, om hom op te bou. (Rom 15:1-2)

Dit is in die Skrif so opgeteken
dat dit vir jou bemoediging beteken:
Christus is jou voorbeeld, volg Hom
alle beledigings het op Hom neergekom. (Rom 15:3-4)

**‘n Gebedswens**

God is die bron van standvastigheid,
streef daardeur na eensgesindheid.
Gee so deur een mond lof en eer
aan God die Vader van Jesus ons Heer. (Rom 15:5-6)

Christus het jou mos aanvaar,
aanvaar daarom ook mekaar.
Ek beklemtoon weer:
Dit lei tot God se eer. (Rom 15:7)

Christus het die waarheid onthul
deur God se beloftes te kom vervul
en ook dat dit vir alle nasies sou wees.
Mag julle geloof sterker word deur die Gees! (Rom 15:8-13)

Julle moet die uitgesprokenheid van my brief so sien:
Dis my priesterlike taak om die evangelie te bedien,
sodat daar uit die heidene ‘n offergawe mag wees,
aanneemlik vir God, want hulle is geheilig deur die Gees. (Rom 15:14-16)

In Christus is ek trots oor wat ek kon verrig:
Hy het deur my baie gemeentes gestig,
met woord, daad, tekens en wonderwerke.
Deur die Gees was daar net geen perke.
Ek het nie op ander se fondamente gebou,
maar die evangelie aan heidene toevertrou. (Rom 15:17-21)

Onder die gemeentes het ons geld vergaar
om te vat na Jerusalem vir die armes daar.
Daarna wil ek na Spanje toe reis,
op pad kom ek by julle aan huis. (Rom 15:22-29)

Julle moet biddend saam met my stry,
dat ek my dinge in Jerusalem gedoen sal kry.
Vrede vir almal wat hier lees,
want God sal by julle wees! (Rom 15:30-33)

**Groete**

Ek beveel suster Febe by julle aan,
ek vra julle om haar by te staan. (Rom 16:1-2)

Ek wil groete vir Priscilla en Akwila oordraag -
hulle het hulle lewe vir my gewaag.
Groete aan al die gelowiges daar,
wat in hulle huis daar vergaar. (Rom 16:3-5)

Groete ook aan Andronikus en Junias
wat saam met my in die gevangenis was.
Ook aan my liewe vriend Ampliatus
en my medewerker in Christus, Urbanus. (Rom 16:6-9)

Dan ook vir Stagis, Apelles en Aristobulus,
Maria, Trifena, Trifosa en Narsissus,
Flegon, Hermas, Julias en nog vele meer,
almal ywerige werkers in die diens van die Heer. (Rom 16:3-16)

Van dwaalleraars moet julle wegbly -
dis hulle wat die liggelowiges mislei.
God sal Satan onder julle voete verpletter,
Sy genade sal julle beskerm teen die geketter. (Rom 16:17-20)

My medewerkers wil ook groete stuur,
almal is by my in hierdie uur.
Ek, Tertius, skryf nou hier.
Groete van Erastus, die stadstesourier. (Rom 16:21-23)

God is magtig om julle vas te laat staan,
in die evangelie wat julle nou verstaan.
Dis in geskrifte en profete bekend gemaak,
sodat julle gehoorsame gelowiges kon raak. (Rom 16:25-26)

Aan God, deur Jesus,
Hy is enig en alwys,
kom toe die eer en prys
tot in die ewigheidsrus! (Rom 16:26-27)